# APK NUUSBRIEF

**UITGAWE 18 - JUNIE 2022**

## VAN DIE WAAKSAAMHEIDSKOMITEE

Graag wil ons die volgende Reëls uit die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds (FONDS) aan die lede voorhou –

**Die FONDS**

- is met ingang 1 Julie 1987 opgerig – 1.2.
- is oorspronklik opgerig deur die Eerste Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk en daarna onder toesig van die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie van die Afrikaanse Protestantse Kerk (GKK) – 2.24.
- is 'n Fonds geregistreer ingevolge die WET en/of goedgekeur as 'n pensioenfonds, voorsorgfonds, aftrede-annuïteitsfonds of bewaringsfonds ingevolge die BELASTINGWET – 2.14.
- is deur die RAAD van TRUSTEES op 1 November 2007 omgeskakel van 'n vastevoordeel fonds na 'n vastebydrae fonds.
- het op 1 Maart 2011 ingeskakel by die iRetire Sambreelfonds wat deur Acravest geadministreer word. Die Raad van Trustees het toe die Waaksaamheidskomitee geword. Die Sambreelfonds verteenwoordig verskeie werkgewers met 'n onafhanklike eie Raad van Trustees, Professionele Beleggingskomitee, Ouditeure en Aktuaris.

**LEDE**

- Elke WERKNEMER is verplig tot lidmaatskap van die FONDS, sodra hy/sy tot die permanente personeel van die WERKGEWER behoort – 3.1.1.
- Die verplig in REËL 3.1.1 bedoel, moet deur die WERKGEWER as 'n voorwaarde van indiensneming van sy WERKNEMERS gestel word – 3.1.2.
- Vroeë aftree-ouderdom is 55 jaar – 2.26.
- Normale aftree-ouderdom is 65 jaar – 2.20.
- Laat aftree-ouderdom is 70 jaar. Indien u wil laat aftree moet dit in oorleg met u WERKGEWER (kerkraad) geskied aangesien daar 'n kostekomponent vir die WERKGEWER bestaan. Die WERKGEWER moet jaarliks toestemming verleen met kennis aan die Waaksaamheidskomitee.

**BESTUUR**

- WAAKSAAMHEIDSKOMITEE (WK) bestaan uit minstens vier en hoogstens ses persone. Beide die WERKGEWER en die LEDE benoem elk 50% van die lede van die WK – 9.1.2.
- Verkiesing van WAAKSAAMHEIDSKOMITEELEDE deur LEDE:

1.1. Die WK reël en bestuur die volgende proses:

1.1.1. Wanneer die ampstermyn van die WAAKSAAMHEIDSKOMITEELEDE deur die LEDE verkies kragtens die REËLS beëindig word, moet die WK reëlings tref wat die LEDE instaat stel om nuwe WAAKSAAMHEIDSKOMITEELEDE te verkies.

1.2. Hierna sal 'n "nominasievorm" deur die WK aan die LEDE versprei word waarvolgens elke LID 'n persoon of soveel persone mag nomineer om as WAAKSAAMHEIDSKOMITEELEDE op te tree as wat op daardie stadium verkies moet word.

1.3. Die nominasievorm moet onderteken word deur:

1.3.1. die LID wie nomineer;
1.3.2. die LID, wie die persoon of persone genomineer, sekondeer;
1.3.3. die persoon of persone wie genomineer word.

1.4. Die nominasievorm moet gestuur word aan die Gemeenskaplike kerkkantoor vir aandag die Sekretaris van die FONDS by rekenmeester@apk.co.za.

1.5. Wanneer die nominasievorms ontvang word by die Gemeenskaplike kerkkantoor, word die name van die genomineerde persone gelys in volgorde van die getal persone wat die persoon genomineer het.

1.6. Die eerste, twee of drie (n.a.v. hoeveelheid WAAKSAAMHEIDSKOMITEELEDE wie verkies moet word) persone wat die meeste genomineer is deur die LEDE, is die verkose WAAKSAAMHEIDSKOMITEELEDE, terwyl die volgende een, twee of drie persone as sekundi in terme van REËL 9.3, sal optree.

## BELANGRIKE INLIGTING WAT LEDE/BELEGGERS MOET ONTHOU



1. Onthou om u begunstigde nominasies op datum te bring indien daar enige veranderinge is.
2. Onthou om jaarliks u spaarstrategie te hersien sodat dit ooreenstem met u langtermyn spaar doelwit: Gebruik die Acravest toep om u doelwit uiteen te sit en u vordering dop te hou.

## ‘N OORSIG VAN DIE HOOF VERWIKKELINGE IN DIE AFTREEFONDS LANDSKAP



**Die Minister van Finansies het ‘n verandering ingestel in die buitelandse bate allokasie beperkings (as ’n persentasie van u totale bates) wat toegelaat word in u aftreefonds**

- Voorheen was die beperking 30% vir algemene buitelandse beleggings en 10% vir Afrika-spesifieke beleggings. Hierdie beperkings is saamgevoeg vir ’n nuwe algemene buitelandse beleggings beperking van 45%.
- **BELANGRIKE KENNISGEWING AAN ALLE WERGEWERS:**
  **KLOUSULE 13A(7), SAAMGELEES MET REGULASIE 33(7) (PENSIOENFONDS WET):**

  PF 110: “Rente op laat betalings van bydraes is betaalbaar indien die betaling nie binne 7 dae na die einde van die maand waarvoor die bydrae betaalbaar was deur die Fonds ontvang is nie ingevolge Afdeling 13AS (3)(a).

  Rente word vanaf die eerste dag van die maand na die tydperk waarvoor die bydrae betaalbaar was bereken.”

  ***Die rentekoers wat gehef word is ontwerp om ’n strafmaatreël te wees wat bereken word op die waarde van die bydraes wat uitstaande is. Hierdie rentekoers is aansienlik hoër as gewone bank oortrokke-koerse.***


  Let wel: Die hef van rente op laat betaling van bydraes is 'n ernstige **statutêre verpligting** vir die Fonds en sy Administrateur. Vanaf 1 Julie 2022 gaan Acravest 'n automatiese stelsel implementeer om rente te hef op geld wat nie op die 7de dag van elke maand in die Fonds se rekening reflekteer nie. Verseker dat u die betalingspertyd nakom om addisionele onkostes te voorkom.

## VERANDERINGE IN DIENSTE/FOOIE


Geen veranderinge is ingestel nie.

# BELEGGINGSTERUGVOER


Risk / Return Graph 1 Year up to 31 March 2022




Risk / Return Graph 3 Years up to 31 March 2022




Risk / Return Graph 5 Years up to 31 March 2022



Soos u nou al weet, kyk ons hoe verskillende beleggingstrategieë van verskillende fonds bestuurders Acravest se platform oor die kort- en langtermyn vaar. Strategieë sal net sigbaar wees indien die spesifieke strategie oor die volle aangeduide metingsperiode op die Acravest platform was. Beleggingsstrategieë onderskei in bateklas-samestellinge oor tyd.

Die stippellyn dui op die risiko-vrye koers wat verwys na die lang-termyn R186-staatseffektekoers.

**Beleggingsbespreking**

Kortliks, die hoof uitdaging vir bate-bestuurders is die onsekerheid wat veroorsaak word deur die konflik in die Oekraïne. Dié konflik en daaropvolgende sanksies het tot 'n styging in kos- en energie kommoditeitspryse gelei. Die EU skarrel nou om energie-onafhanklik te word van Rusland, wat die olie- en gas sektore omvergooi. Terselfdertyd implementeer China 'n zero-COVID inperking strategie, wat in die korttermyn vervaardigingskapasiteit wêreldwyd verder ontwrig. Westerse regerings verskaf massiewe stimulus pakette om ekonomiese groei te stimuleer wat die vraag en aanbod wanbalans vergroot en daartoe lei dat daar verdere opwaartse druk op die reeds groeiende geb- ruiker inflasie geplaas word. Hoër inflasie veroorsaak dat sentrale banke strenger monetêre beleide instel deur, onder andere, rentekoers verhogings. 'n Verhoging in die rentekoers plaas druk op alle bate klas waardasies.

Die Globale aandelemark sukkel van vroeg in Maart af. Die Suid-Afrikaanse handelsbalans vind in die kort termyn baat by baie van hierdie faktore as gevolg van die swak rand en hoër kommoditeits-pryse. Terselfdertyd lyk dit of die "nie-China" wêreld besig is om te normaliseer in die nadraai van die COVID pandemie. Terwyl daar nog vrese vir verdere uitbrekings is blyk die uitbrekings geïsoleerd te wees. Inflasie in groot ekonomieë bly 'n kommerwekkende risiko faktor.

Plaaslik, is die Suid-Afrikaanse handelsbalans tekort hersien na 'n laer geskatte waarde. Die ekonomiese herstel post-COVID kort momentum en word ontwrig deur plaaslike onluste, swak beleids-keuses deur die regering en onlangse vloede.

Soos altyd is dit belangrik om te onthou dat beleggingstrategieë oor die lang termyn beplan word en dat beleggingsprestasie in konteks van die beleggingstrategie beoordeel behoort te word.

Die APK Pensioenfondslede se aftreekapitaal is belê in die Sasfin Prudential Fonds (strategies aggressief belê, vir lede jonger as 55 jaar) en Sasfin Balanced Fonds (strategies gematigd belê, vir lede ouer as 55 jaar).

## DIT IS VAN UITERSTE BELANG DAT U NIE U AFTREDE OPOFFER DEUR U AFTREE-KAPITAAL TE ONTTREK WANNEER U VAN WERK VERANDER NIE... DIT IS 'N BAIE DUUR FOUT

Verskillende opsies om groei momentum op u kapitaal te behou wanneer u van werk verander, word hieronder uiteengesit. In die meeste gevalle bied die opsies dieselfde beleggingstrategieë as wat in die verspreidingsdiagramme hierbo voorgestel word. Die kern eienskappe van hierdie opsies is (i) kompeterende pryse (Acravest ondersoek kwartaalliks beleggingsbestuurheffings en besparings wat behaal word, vloei deur na lede/beleggers toe); (ii) hoë integriteit inligting wat dadelik beskikbaar is, wat bevestig word deur deursigtigheid vir lede/beleggers en ondersteun word deur (iii) kompeterende beleggingstrategie opsies.

Deursigtigheid word bereik deur aan lede deurgaans toegang tot hul belegginsrekening rekords te gee deur die Acravest toep, waar beleggingsrekeninge daagliks op datum gehou word soos wat mark bewegings en lid/belegger transaksies geskied.

Indien u van meer as een oplossing gebruik maak sal almal sigbaar wees op dieselfde bladsy op die toep.

| Produk | Wanneer sal ek hierdie produk benodig? | Fooi struktuur | Hoe om toegang te verkry: Forms wat beskikbaar is op Acravest se webtuiste |
|---|---|---|---|
| **Bewaring binne die fonds** | **Nadat u bedank by u huidige werkgewer, om 'n lid van die Fonds te bly en voort te gaan met 'n optimale beleggingstrategie sonder om aan die Fonds by te dra.** | • R52.00[1] maandelikse administratiewe fooi<br>• Voortsetting van bestaande beleggings- en bestuursfooi struktuur<br>• Beleggingsbestuur fooie[2] | **Voltooi die Fonds bedanking transaksie form en dui daarop aan dat u in die Fonds wil bly** |
| **iRetire Aftree Annuïteitsfonds** | **Indien u toegang tot die iRetire platform en al sy voordele wil behou as 'n onafhanklike belegger (nie aan 'n werkgewer gekoppel nie):**<br>• Om verdere bydraes te maak na bedanking/aftrede uit 'n iRetire Fonds;<br>• Om geld vanaf 'n aftree annuïteit by 'n ander verskaffer oor te plaas<br>• Enige individu wat 'n aftree-strategie wil implimenteer. | • R32.50[1] maandelikse administratiewe fooi<br>• 0.10% jaarlikse platform fooi (% van beleggings-waarde)<br>• 0.05% jaarlikse bestuursfooi (% van beleggings-waarde) | **Voltooi die aansoek form vir lidmaatskap vir die aftree annuïteitsfonds** |



ACRAVEST

| Produk | Wanneer sal ek hierdie produk benodig? | Fooi struktuur | Hoe om toegang te verkry: Forms wat beskikbaar is op Acravest se webtuiste |
|---|---|---|---|
| **Acravest Lewens Annuïteit Polis** | **Individue wat aftree wat 'n maandelikse pensioen uit hul beleggings wil onttrek.**<br>**Hierdie Polis dien as die verstek lewens annuitiet opsie vir lede in fondse op die Acravest/iRetire platform.** | • R32.50[1] maandelikse administratiewe fooi<br>• 0.10% jaarlikse platform fooi (% van beleggings-waarde)<br>• 0.05% jaarlikse statutêre fooie<br>• 0.10% jaarlikse lisensie fooi (% van beleggings-waarde)<br>• Beleggingsbestuur fooie[2] | **Voltooi die aansoek vorm vir die Lewe-sannuïteit polis** |
| **Acravest Aftree Annuïteit Polis** | **Indien u toegang tot die iRetire platform en al sy voordele wil behou as 'n onaf-hanklike belegger (nie aan 'n werkgew-er gekoppel nie):**<br>• Om verdere bydraes te maak na bedanking/aftrede uit 'n iRetire Fonds;<br>• Om geld vanaf 'n aftree annuïteit by 'n ander verskaffer oor te plaas<br>• Enige individu wat 'n aftree-strategie wil implimenteer.<br>**Die verskil tussen die Aftree Annuïteitsfonds en die Aftree Annuïteit Polis is dat daar minder statutêre bep-erkings in terme van beleggingstrategie is en dat daar 'n effense hoër koste aan verbonde is.** | | **Voltooi die aansoek vorm vir die Af-tree-annuïteit polis** |

[1] Bepaalde maandelikse fooie wat jaarliks volgens inflasie aangepas word
[2] Beleggingsbestuur fooi beskikbaar op navraag